NOVA PROPERTY GROUP
Nova PropGrow Group Holdings Limited (2011/003964/06)

31 Oktober 2017

B/W HW Pretorius — Per E-pos aan: inusp@lantic.net
Mnr. MC Pretorius
Posbus 75839
Lynnwoodrif
0040

**NOTERING VAN DIE NOVA PROPERTY GROEP OP DIE JSE BEPERK ("JSE")**

Die doel van hierdie skrywe is om te bevestig dat River Group, 'n Korporatiewe Adviserende en JSE Borgmakelaar, die mandaat ontvang het om namens die Nova Property Group van maatskappye ("Nova Groep") asook die betrokke Skuldbrief- en Aandeelhouers, die Nova Groep te struktureer en op die JSE te noteer.

Vir hierdie doel is

- die naam van die houermaatskappy van die Nova Groep verander vanaf Nova Property Group Holdings Beperk, registrasienommer 2011/003964/06, na Nova PropGrow Group Holdings Beperk ("Nova PropGrow") met behoud van dieselfde registrasienommer; en
- 'n nuwe openbare maatskappy, Nova Property Group Holdings Beperk, registrasienommer: 2017/427314/06, ("Nova Holdings Listco"), was opgerig met die Akte van Oprigting wat voldoen aan JSE Noteringsvereistes.

Nova Holdings Listco was opgerig met voldoende goedgekeurde aandeelkapitaal om

- Nova Holdings Listco in staat te stel om voldoende aandele uit te reik in Nova Holdings Listco om die skuldbrief eise van Nova Property Group Investments Eiendoms Beperk ("Nova Investments") se skuldbriefhouers af te los en om te skakel na JSE genoteerde aandele in Nova Holdings Listco;
- aandele in Nova Holdings Listco uit te reik aan huidige aandeelhouers van Nova PropGrow; en
- fondse te in wat benodig word vir die verdere groei van die Nova Groep.

'n Nuwe reëlingskema is deur Nova Investments aan sy bestaande skuldbriefhouers voorgestel en is aan hulle versprei vir hul oorweging en aanvaarding, om hul skuldbrief eise af te los en om te skakel na Nova Holdings Listco aandele soos hierbo vermeld en die Nova Nominees Eiendoms Beperk B aandeelhouer, in Nova PropGrow, het 'n ooreenkoms met Nova Holdings Listco aangegaan om sy aandele in Nova PropGrow om te skakel na aandele in Nova Holdings Listco.

**Address** 105 Club Avenue, Waterkloof Heights, Pretoria **Postal Address** Private Bag 27067, Monument Park, 0105
Tel (+27) 12 425 5000 Email admin@frontieram.co.za Fax (+27) 86 508 4317
**Dominique Haese** Chief Executive Officer, **Connie Myburgh** Chairman, **Rudi Badenhorst** Financial Director, **Dirk Koekemoer** Operations Director Properties, **Matthew Osterloh** Property Director, **Nigel Adriaanse** Non Executive Director, **Lazarus Mbethe** Non Executive Director, **Charles Rembe** Non Executive Director, **Jan Smit** Non Executive Director

Met hierdie skrywe word u uitgenooi om ook u A of D aandele in Nova PropGrow, op ‘n een vir een basis, om te skakel na Nova Holdings Listco aandele. Dit kan gedoen word deur u instemming in die “Stem in” blokkie hier onder aan te dui en ‘n afskrif van dié brief waarop u instemming aangedui word, aan Nova Holdings Listco, per adres Frontier Accounting and Secretarial Services Eiendoms Beperk, die maatskappy sekretariële diensverskaffer van Nova PropGrow, by admin@frontieram.co.za, per faks na 086 508 4317 of per pos na Privaatsak 27067 Monumentpark, 0105, terug te stuur teen nie later as Dinsdag 15 November 2017 nie.

U nuwe Nova Holdings Listco aandele sal deur die amptelike Oordrag Sekretarisse van Nova Holdings Listco aan u toegewys en uitgereik word, nadat Nova Holdings Listco amptelike terugvoering vanaf die JSE Limited ontvang het om Nova Holdings Listco op die beurs te noteer, en onderhewig aan die proses om aan verskeie statutêre and wetlike vereistes te voldoen.

U nuwe Nova Holdings Listco aandele sal ten volle verhandelbare, stemgeregtigde aandele in die nuutgenoteerde Nova Holdings Listco wees.

Neem asseblief kennis dat indien u nie, ná hierdie brief, kies om u huidige aandele in Nova PropGrow om te skakel na aandele in Nova Holdings Listco nie, u ‘n aandeelhouer in Nova PropGrow sal bly, met ongenoteerde aandele sonder stemreg in Nova PropGrow, met Nova PropGrow wat ‘n filiaal van Nova Holdings Listco sal word en wat u steeds sal laat met die huidige uitdaging van verhandeling van u ongenoteerde aandele sonder stemreg in Nova PropGrow.

By voorbaat dank namens die direksie.

Die uwe,

**Die Nova PropGrow Groep Direksie**

**INSTEMMING** **NH00680**

**Ek,** ______________________________________________________________

| **IDnr** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | |
|---|---|
| **Stem in** | |
| **Stem nie in nie** | |

| | |
|---|---|
| **Handtekening** | |

| | |
|---|---|
| **Datum** | |